Klippe in plaas van brode

Teks: Lukas 11: 1 - 13 & Sondag 32
Teksvers: Lukas 11: 13

1. Inleiding

In ons leerdiens vandag, fokus ons dit waarmee ons ons naaste seën. Ons teksgedeelte is die bekende deel uit Lukas 11. Dit is die gedeelte waarin die Here leeringe oordra in verband met die gebed. En ons fokus lê op die laaste gedeelte van hierdie teksgedeelte. En hier gaan dit oor gebedsverhoring. Ons hemels Vader wat ons gebede verhoor en ons versorg met die beste hemelse gawes, en seëninge.

'n Bekende manier van redevoering onder die Rabbi's in die tyd van ons teksgedeelte was om van 'n klein saak in 'n opbouende manier groter en groter te beweeg totdat die punt gemaak is. Dit is presies ook wat ons Here Jesus Christus self doen. En dit trek dan duidelik saam in ons teksvers. In vers 13 lees ons: "[13]As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee—die Vader in die hemel nog baie meer!" En dit is dan juis hier waar ons fokus val. Is ons oortuigings en optrede teenoor ons naaste, veral binne die gemeenskap van gelowiges, darem gelyk en/ of beter as wat slegte mense doen?

Met ander woorde gee ons eintlik klippe, slange en skerpioene in plaas van brood, vis en eiers aan ons naaste. Hierdie antwoord op die behoeftes van ons naaste is nie opsioneel nie, want in Sondag 32 fokus ons op die goeie werke wat verloste gelowiges steeds as 'n prioriteit moet uitvoer. Vanoggend is ons fokus dan op die kwaliteit van hierdie goeie werke. Is hierdie goeie werke klippe, slange en skerpioene. Of is ons goeie werke werklik brood, vis en eiers. Kom ons gaan plaas die vergrootglas op ons oortuigings in hierdie verband.

2. Die bron van alle gawes en seëninge

Die probleem wat ons vinnig tee kom, wanneer ons hierdie sake praat is natuurlik selfsugtigheid. Ons as mense staan sentraal in die denke van die wêreld vandag. En dikwels word dit wat ons het gesien as die vrug van ons inspanning en arbeid. Tel maar enige populêre biografie op in die boekwinkel en 'n mens sal vinnig die volgende refrein sien. Die suksesse in my lewe is die resultaat van my eie inspanning en harde werk. Maar die mislukkings word toegeskryf aan die gevolg van my omstandighede. Dit terwyl die waarheid vir die Christen gelowige eintlik juis andersom is.

Maar dan kom ons ook terug by die beeld in ons teksgedeelte. Die ouer kind beeld wat gebruik word. En daar is een ding wat ons duidelik sien in 'n ouer kind verhouding. Kinders word versorg deur die ouers. En enige goeie ouer versorg sy/haar kinders goed. Of die kinders goeie soet kinders is en dit verdien of nie. Die ouers bly hulle goed versorg. Maar dan nie net goeie ouers nie. Ook in die woorde van ons teksvers, slegte ouers. Slegte ouers wat steeds hulle kinders met die goeie versorg.

Tog is hierdie Vader en kind verhouding, ook die basis waaruit ons regte verhouding teenoor ons naaste moet groei. Ons almagtige God en hemelse, is die bron van alle goed. Enige iets goed wat ons het of ontvang kom net van die Here af. En soos goeie aarde ouers hulle kinders groot maak om ook met ander mense te deel, verwag die Here ook van ons om tot 'n seën vir ons naaste te wees. Die groot opdrag van die Here aan ons is immers nog altyd uit Matteus 10:8 : " Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

3. Geestelike verwysings van die verskeie elemente

Op die oog af werk ons in beelde en gelykenisse met eenvoudige alledaagse elemente. In ons spesifieke teksgedeelte vandag, is die natuurlik brood, vis en eiers. Maar wanneer ons die Woord van die Here verder bestudeer, sien ons dat hierdie elemente ook dieper betekenisse het. Ons kyk vervolgens na 'n paar van hierdie dieper betekenisse.

Die slang het al van die begin af 'n donker konneksie. Ons weet dat die bose versoeking in Genesis 3 tot die mens deur die slang kom. Ook later in Numeri 21:6 stuur die Here giftige slange tussen die mense in, as straf op hulle sonde om teen die Here te mor in die woestyn. Die uiteindelike belofte van die

evangelie word alreeds in Genesis 3:15 vasgevat in die woorde dat die nageslag van die vrou die kop van die slang sal vermorsel.

Maar dan is dit uiteindelik nie net die slang nie. Ook die skerpioen word duidelik aan die bose gekoppel in die Bybel. In die woord sien ons in Lukas 10: 19 : "[19]Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen." Duidelik word die oorwinning oor die bose aan hierdie magteloosheid van die skerpioen om enige skade aan te rig toegeskryf.

Maar die eintelik fokus wat ons net in die ou vertaling aantref is natuurlik die brood. En die meegaande klippe dan. 'n Klip wat nutteloos is, wanneer 'n mens honger is. Die bekendste voorkoms van hierdie gedagte is natuurlik Christus in Mattues 4. Ons weet dat die satan die Here versoek met die voorstel om die klippe in die woestyn in brood te verander. Maar Christus wat dan natuurlik openbaar dat hierdie eenvoudige ekonomiese manipulering van die sisteem nie genoeg is nie.

4. Geestelike omgee wat ook fisies word

Maar die laaste gedagte is steeds by die openbaring deur Christus in Matteus 4:4. "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom. Dit is ook juis hier waar ons weer terugkeur na die begin van ons skrifgedeelte. In die onse Vader gebed bid ons juis ook vir ons daaglikse brood. En ons weet uit vorige bestuderings van hierdie gedeelte, weet ons dat daaglikse brood ook na die geestelike versorging deur die Woord van die Here verwys.

En dit is dan juis hier waar ons fokus ook vandag lê. Want wanneer dit by die omgee en diens aan ons naaste kom, val ons dikwels vas in die fisies. As ons na die eenvoudigste praktiese voorbeeld kyk, kan ons sê dat wanneer 'n mens vir 'n bedelaar iets te ete gee, doen ons ook saam met hom/haar 'n tafel gebed. Ons weet dikwels is die antwoord op hierdie gebeurlikheid: Nee. Maar wanneer die antwoord nee is, dan is ons besig om klippe in plaas van brood te gee.

Sien dit is wat ons so maklik in die wêreld rondom ons sien vandag. Liefdadigheid, suiwer ateïstiese liefdadigheid. Want die wêreld het oor die laaste paar dekades hart gewerk om versorging en maatskaplike hulp uit die hande van die kerk te kry. Om soos ons sê liefdadigheid in plaas van barmhartigheid te betoon.

Maar soos ons gesê het, gaan vandag se fokus nog meer oor die gemeenskap van gelowiges. Versorg ons mekaar ook met die geestelike brood hier binne die gemeenskap van die gelowiges. Met ander woorde vra ons uit en ondersteun ook mekaar in verband met geestelike sake. Moedig ons steeds mekaar aan om te volhard in die goeie stryd?

5. Slot

Ons kan vandag se leerpreek weereens op 'n praktiese noot afsluit. Ons kan mekaar afvra of ons rustig besig is om mekaar aan die slaap te sus in 'n valse vrede. Die vraag of ons in die geestelike sin van die woord, besig is om vir mekaar klippe, slange en skerpieone te gee. Dit gebeur prakties wanneer ek my broer of suster sien verslap in die geloof, of selfs vashou 'n leuenoortuiging van die bose. Kyk ons ander kant toe, of antwoord met 'n sagte woord van ondersteuning.

Ons word deur die Here ook opgeroep om juis in hierdie moeilke gespreke te hê. Om op die onverdunde waarheid soos geopenbaar in die Woord te verkondig en te bevestig. Dit is om liefde teenoor ons naaste te bewys. Om nie net seker te maak dat hulle 'n vol maag het nie, maar juis ook dat hulle Geestelik versorg is.

Die vader kind beeld openbaar ook duidelik vir ons die waarheid in hierdie saak. Aardse ouers sorg nie net vir die fisiese versorging van hulle kinders nie. Dit is ook belangrik dat hulle gevorm word in die nie tasbare dinge, soos dissipline maar veral Geestelike vorming. Op dieselfde manier is ons hierdie brood in plaas klippe aan ons broers en susters in die geloof verskuldig.

Amen